# Bedryf- en organisasiesielkunde 319 (BDO 319)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Programme** | BAdmin Openbare Bestuur en Internasionale Verhoudinge |
| | BCom Ekon en Bestuurswetenskappe |
| | BCom Menslikehulpbronbestuur |
| | BCur Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie) |
| | BCur Verplegingsbestuur |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | BDO 110, 120; BDO 219 GS, BDO 229 GS |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Menslikehulpbronbestuurstelsels Die afdeling verskaf ‘n inleiding tot menslikehulpbronbestuurstelsels en spreek ook hedendaagse ontwikkelinge en vraagstukke op die gebied aan. Die volgende temas word omvattend bespreek: posontleding, posbeskrywing en posspesifikasie; posontwerp; vergoedingsteorie en -stelsels; posevaluering en -gradering; voordele- en byvoordele-stelsels. Vergoedingstelsels as motivering vir werknemers word ook behandel. Menslikehulpbronvoorsiening Menslikehulpbronvoorsiening word, vanuit ‘n bedryfsielkundige perspektief, aangebied onder die volgende hoofde: mensehulpbronbeplanning; makro- en mikroveranderlikes wat ‘n invloed het op personeelvooruitskatting en -voorsiening; menslikehulpbron-inligtingstelsels; die ouditering van vaardighede; asook tegnieke soos werwing, keuring, plasing en induksie.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.